

## Biografie

### **Akademiese kwalifikasies**

Amanda Lochner is 'n oud-Matie en het vier grade aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf (BSc 1957 (cum laude); MSc 1959 (cum laude); DSc 1964; PhD 1977). Sy was 'n navorsingsgenoot in die Dept Interne Geneeskunde aan die Universiteit van Texas Southwestern Medical School, Dallas, Texas, 1962-1963. Na haar terugkeer na Suid Afrika, is sy aangestel as navorsingsassistent in die WNNR Degeneratiewe Siektetoestande Groep in die Fakulteit van Geneeskunde, Universiteit van Stellenbosch (1964-1970).

Vanaf 1970-1987 was sy senior spesialis wetenskaplike in die MNR Molekulêre en Sellulêre Kardiologie Navorsingseenheid, Universiteit van Stellenbosch. Sedert 1988 was sy hoof spesialis wetenskaplike in die MNR Eksperimentele Biologie Program, gesetel in die Dept Geneeskundige Fisiologie en Biochemie, Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch. In 1990 is sy bevorder tot mede-professor (ad hominem) aan die Universiteit van Stellenbosch en in 1998 tot Buitengewone Professor in die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie (Universiteit van Stellenbosch).

Prof Amanda Lochner was president van die Fisiologie Vereniging van Suider Afrika vanaf 1997 tot 2001, sy was ook vise-president van die International Society of Pathophysiology van 2002 tot 2004. Tydens haar loopbaan het sy verskeie eerbewyse ontvang, oa die SA Akademie Havenga prys vir Geneeskunde. Sy dien op gereelde basis op evalueringspanele van die Suid Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting. Sy dien ook op die redaksie van die Cardiovascular Journal of Africa, Cardiovascular Drugs and Therapy en Acta Hungaria Physiologica.

Prof Lochner het in 1966 afgetree en is sedertdien op kontrakbasis betrokke by nagraadse opleiding en kardiovaskulêre navorsing in die Afdeling Geneeskundige Fisiologie, Dept Biomediese Wetenskappe, Fakulteit van Geneeskunde en Geneeskundige Wetenskappe, Universiteit van Stellenbosch.

### **Navorsing**

Haar navorsing fokus hoofsaaklik op intrasellulêre en molekulêre veranderinge tydens miokardiale iskemie en reperfusie en ingrepe om die hart teen iskemiese beskadiging te beskerm. In hierdie verband word die verskynsels van iskemiese pre kondisionering, intrasellulêre seintransduksie en veral die vermoë van die pineaalklier hormoon, melatonien, om die hart teen iskemiese beskadiging te beskerm, ondersoek.

### **Persoonlik**

Amanda is getroud met prof Jan de V Lochner, emeritus dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Geneeskundige Wetenskappe, Universiteit van Stellenbosch en die egpaar het 4 kinders. Ander stokperdjies is tennis en lees.